



Die gewilde sangeres Riana Nel is verloof aan die sakeman Cornel de Beer. Hulle wil vanjaar afhaak.

HAAR gebede van jare gelede in die Kupferbergpas buite Windhoek het eindelijk waar geword. Riana Nel (31) het haar trouman ontmoet. En net ses maande ná daardie eerste ontmoeting, het Cornel de Beer die jawoord gevra.

Dit was die moeite werd om so lank te wag, vertel die gewilde sangeres. “Ek het die Here vroeër al hoeveel keer gevra Hy moet my trouman bring, maar ek beseft nou dis die wag werd.”

As ’n jong meisie het sy ’n outjie gevra om te kys. “Toe sê hy: ‘Is jy ernstig?’ Ons was baie kort gekys. Daarna het ek my belowe ek gaan nooit weer die jagter wees nie; ek gaan die blom wees wat gepluk word.”

Elke middag ná skool het sy na ’n oop stuk veld op die Kupferbergpas gegaan. “Ek het daar gesit en bid vir my man.” Eers verlede jaar, op Nelspruit se Innibos-fees, het sy Cornel (29) ontmoet.

So het die lirieke van haar lied *Dans* toe stuk vir stuk waar geword: *Dit was ’n warm somersaand / toe jy my hand vat / en op jou regterknie vir my antwoord vra / ek wou nie regtig huil nie, maar ek het / en met jou sagte woorde het jy my kom red.*

Met ’n verlosing, dubbel-platinumstatus vir haar eerste sekulêre album en ’n album wat boer op die amptelike Suid-Afrikaanse top-20, was 2012 ’n jaar uit die boeke. “Dis nogal oorweldigend. My album was 32 weke in die top-20. Verbeel jou 80 000 mense in ’n stadion; dis hoeveel mense my album gekoop het!”

Haar donker hare glinster en daar is spikeltjies amber in haar smaraggroen oë. Een van die grootste juwele in die Afrikaanse musiekbedryf sit hier op ’n stoeltjie in ’n oop veld langs ’n dam en ’n houthuisie met ’n diamant aan haar vinger. En om alles te kroon het sy verlede jaar Huisgenoot se Tempo-prys vir die beste popalbum gewen.

“As jy hard werk en glo, pluk jy die vrugte,” sê sy terwyl die reën saggies begin neersif. “Die Here het my geroep om ’n instrument te wees wat mense se hart sal sag maak voor Hom sodat hulle kan hoor wat Hy sê.”

Hier op vriende se kleinhoeve buite Pretoria is die stadsverkeer net ’n fluistering tussen die geluide van beeste en perde. Riana vertel sy het al 28 liedjies vir haar nuwe album geskryf. Hopelik reik sy dit einde vanjaar uit. “Dis die volgende hoofstuk in my lewens storie.”

Dis amper twee jaar sedert die uitreiking van haar treffer-album, *Die Moeite Werd*. “Ek wil weer so ’n lekkerluister-album uitbring.”

GEKRY: MY STIL ROTS

Die sangeres Riana het verloof geraak – presies nes sy sing in haar lied *Dans*

Deur LOREN PIENAAR Foto's: DINO CODEVILLA



NAASLINKS: Riana en Cornel in die Kupferbergpas buite Windhoek in Namibië waar hulle verloof geraak het. **LINKS:** Cornel omhels Riana op die Tempo-prysaand waar sy die beste popalbum gewen het.

STILLES: YOLANDI HERST; GERIMENUS; KIM WINTERSCALEWIT; ROK; HOLLYWOOD COSTUMES; BRUIN BELT; BLOUHEMP; ENBLOU
BELTSTERPANT; CLOTHING; SWART; ROK; F; JONKERS NEW

Op die nuwe album het sy liedjies geskryf vir haar ouers, Flip en Heletjé. Haar ma is verlede jaar onverwags ná 'n rugoperasie oorlede. Net voor die Innibos-fees het sy Riana nog ge-SMS: "Wees nou net vriendelik met almal en hou jou oë oop vir 'n spesiale vriend." Cornel het dieselfde Vrydag-aand aan haar tafel kom sit.

"Dis ongelooflik hoe 'n ma net weet. Daar was baie mense wat heelyd met my wou praat. Dit was nie die ideale situasie vir 'n ou nie, maar hier stap hierdie man na my toe, niks bang nie, so selfversekerd. Met die eerste oogopslag was dit verby.

"Hy het gepraat van my kerk, wat hy ook bywoon, en van die Heilige Gees, gesê hy is trots op my en ek is 'n merkwaardige vrou. Toe is ek *sold*. En hy is nog mooi ook!"

Cornel is 'n sakeman van Pretoria en musiek is vir hom 'n stokperdjie. Hy is wel nie een vir die kollig nie en ook nie een wat gras onder sy voete laat groei nie.

"Party mense moet mos eers lank met mekaar uitgaan. Ons het net geweet; dit was vreemd. Ek het lanklaas so 'n standvastige ou ontmoet. 'n Stille rots."

Ná die fees was sy siek en kort daarna is haar ma oorlede. "Dit was 'n klomp goed om deur te gaan, maar God het op net die regte tyd die regte persoon gestuur om my daardeur te help."

Ná die begrafnis in Windhoek het sy en Cornel na die plek op die Kupferbergpas gegaan waar sy as 'n skoolkind gebid het. "Ons het 'n baken daar gebou, 'n rigtingaanwyser van waarheen ons pad saam gaan en toe het ons saam gebid."

Cornel oortref al haar verwagtings. "Enige man moet die priester wees, hy moet die koning en profeet wees. Hy lei my en ek voel veilig by hom. Baie mense vra hoe jy binne ses maande kan weet. Ek sê, hoekom bly jy by iemand as jy binne ses maande nog nie weet nie? Ek het die eerste dag geweet."

In Desember is hulle Namibië toe. "En op daai plekkie op 'n warm somersaand, op sy regterknie, het hy my antwoord gevra. Net soos die liedjie *Dans sê!*"

Hy het die ring self ontwerp en laat maak. Sy was mal daaroor. "Dis nog 'n teken dat hy my so goed ken. Ek het snot en trane gehuil, dit het liggies deur die wolkies begin

reën en die son het geskyn." Dit was die perfekte oomblik.

Hulle het al gesels oor pienkvoete. "As dit die Here se wil is, sal ons graag kinders wil hê. Ons het al aan name gedink, maar ons sal seker eers met 'n paar hondjies begin."

Vanjaar gaan opwindend wees, met baie optredes, haar nuwe album en natuurlik haar troue. Nou die dag het sy in haar karyery en gesing. Toe kyk sy na die hemel en sê vir haar ma: "Hei, Ma, kyk ek reël 'n troue!" Sy het in trane uitgebars. "Dis hoekom ek so baie strooimeisies wil hê, dat hulle daar is wanneer ek iemand nodig het."

Oor daardie dag sê sy: "Ek wil 'n sagte briesie en die teenwoordigheid van die Heilige Gees voel wanneer ek by die paadjie afstap."

Gaan sy haar liedjie *Dans* daar sing, soos sy al op konserte vertel het? "Dis alles geheime; ek kan nie dit nou verklap nie."

Sy loer opgewonde na haar ring. "Ek het lank gewag vir dié outjie, hoor!" ■



GEBUIK TAG READER EN LUIS-TER HOE RIANA SING EN RAAD GEE.

AANWYSINGS BY HUISGENOOT.COM



BO: Haar ma, Heletjé, het Riana (REGS) die oggend voor sy Cornel ontmoet het, ge-SMS en gesê sy moet uitkyk vir 'n spesiale vriend.

